



Kompass

Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Jaargang 13 / no. 8
Augustus 2004

FEMINISME

“Die vrou en die kat hoort tuis op die mat”. Só word soms oor vroue gepraat om haar posisie in die huis aan te dui. Die onderskeid tussen man en vrou word dan veral gesien as ‘n lewe en werk buite die huis teenoor ‘n gebondenheid aan die huis. Mans doen buite die huis betaalde werk en vroue moet haar vroulikheid ten toon stel deur tuis te bly. Hierdie voorstelling word deur baie vandag nog gesien as die vertaling van wat die Woord van die Here bedoel onder “huislik”. Feminisme het gedeeltelik ontstaan vanuit ‘n reaksie teenoor hierdie onderskeid tussen man en vrou – ‘n onderskeid wat nie vanuit die Skrif gevorm is nie. Die Skrif sien nie ‘n vrou as ‘n onmondige kind wat eers haar menswees vind in ‘n verhouding met ‘n man nie.

“BROEDERSKAP”

Dit is verder ook ‘n produk van die tyd na die sg. Verligting. Sedert die einde van die agtiende eeu word in verskillende lande gestry vir die regte van mense. Nie in die minste onbekend nie, is die kreet van die Franse Revolusie van 1789: “liberté, égalité, fraternité” – vryheid, gelykheid en broederskap. Daarmee word ‘n ideaal van die samelewing voorgestel vanuit dit wat die mens uitdink as norm. Hierdie “broederskap” het egter nie vir vroue die vryheid gebring wat baie wou hê nie. In die VSA word in 1791 die Verklaring van die Regte van die Mens aangekondig. Voor die wet sou alle mense as vry en gelyk behandel word. Vir baie was dit nog nie genoeg nie en word daar sonder ophou gestry vir die burgerregte, onderwysregte en stemregte van die vrou. In die sestigerjare van die twintigste eeu word die stryd gestry om die vrou nie meer as vanselfsprekend tuis in die gesin te sien nie. Gelyke werksgeleenthede en besoldiging kom op die agenda van die emansipasiebeweging. Uiteindelik mond dit uit in wat ons vandag as een van die sg. “genities-/kontekstuele” teologiese ken, t.w. die feministiese teologie.

FEMINISTIESE TEOLOGIE

Net soos die bevrydingsteologie, is die feministiese teologie ‘n teologie wat bedryf word vanuit die konteks van vroue wat voel dat hulle onderdruk word. ‘n Bekende feministiese teoloog beskryf hierdie vorm van teologie as ‘n bevrydingsteologie wat nie gebaseer word op die uniekheid van vroue as sodanig nie. Dit gaan veel eerder oor hulle historiese ervarings van lyding, hulle psigiese en seksuele onderdrukking, vernedering en onsigbaarmaking in die samelewingstrukture en in die kerk. In ‘n eerste fase van die Feministiese teologie het alle klem gelê op emansipasie; die vrou moes sg. mondig word. Dit het veral beteken dat sy ‘n selfstandige posisie in kerk en samelewing moes inneem. Later is tog gevoel dat emansipasie oor veel meer gaan as stemreg en werksgeleenthede. Alle strukture in die kultuur, selfs tot in ons taalgebruik, moes verander word. Deelneem aan al die sosiale funksies was nie genoeg nie. In die kerk was dit nie genoeg dat vroue ook ouderlinge en predikante word nie. Manlike name vir God moes verdwyn. Van God kon nie meer (slegs) as “Vader” gepraat word nie. “Indien God ‘manlik’ is, is die manlike god”, skryf Mary Daly in haar boek *Beyond God the father*. Ander teoloë soos Judith Plaskow sien die tipiese vroulike sonde juis as die sondes van onderdanigheid en nederigheid. Vroue se sonde is volgens haar dat hulle hul by hul lot neer lê en nie hul mond oopmaak nie.

Teen hierdie agtergrond moet ons as Christene vandag besin oor die werklike taak, roeping en plek van vroue van God in die kerk en samelewing. EV

In Hierdie Uitgawe



Tema: Die Vrou

- **Vroue in ‘n biddende gemeente** 2
- **Somtyds moet ma’s dominees wees** 4
“Ouers is diensknegte van die Heilige Gees. Instrumente in die hand van God om sy kinders te lei na Christen-wees in die volle omvang van die lewe.”
- **Vrouwees** 6
- **Geref. Onderwyskongres - ‘n onderhoud** 9
- **Geref. Onderwyskongres - ‘n paar indrukke** 11
- **Wapens, selfverdediging en wraak** 11
- **Liturgie** 15
- vorm vir die sondag en voorbeeld vir die week

VROU IN 'N BIDDENDE GEMEENTE

Ds. E Viljoen



Die Here beloof sy gemeente nie 'n **on-verstoorde** lewe nie. Ons "rustige en stil" lewe het alles te doen met 'n lewe van "godsvrug en

waardigheid" (2:2b). Dit beskryf die gedrag van iemand wat in gebed verwag dat God die grootste van alle sondaars kan red en daarom nie al klaend en rebellerend gaan leef nie.

Juis vir vroue word in hierdie hoofstuk konkreet gemaak wat dit beteken om 'n "stil" lewe te lei. Paulus gee vroue die opdrag om "haar stil (te) hou" eerder as om oor die man te probeer heers. In die Christelike gemeente word vroue (net soos mans!!) nie toegelaat om te heers nie. Wanneer jy in gebed die saak by die Here gebring het in smeking, weet jy dat dit nou ook alles van die Here afhang. Vroue (en mans!) mag werklik tot rus kom. 'n Lewe van vryheid word op hierdie manier gelei.

OP ÉLKE PLEK MOET GEBID WORD

Paulus wil dat op elke plek gebed moet word (1 Tim. 2:8). Hy gebruik hier 'n besonder sterk woord (βούλομαι). Hy gee hierdie opdrag om ons plek in die biddende gemeente te neem, as "prediker en apostel" van Christus (2:7). Sy apostoliese gesag as "leraar van die heidene" word selfs pertinent genoem om te onderstreep hoe belangrik hierdie opdrag is. Paulus kom nie na die gemeente in Efese met sy persoonlike gedagte oor hoe dit moet gaan in die gemeente nie. Hy praat as een wat die waarheid aan hulle voorhou "in Christus" (2:7).

Met die gesag van 'n apostel van Jesus Christus, gee hy voorskrifte oor hoe in die erediens gebed moet word. Dit is nie 'n voorskrif net vir Efese nie. "Op elke plek" moet gebed word. Paulus gee hier bewustelik 'n opdrag wat vir die kerk van die Nuwe Testament op elke plek geld. Die opdrag gaan Paulus en Efese te bowe!!

BIDDENDE GEMEENTE

In plaas van vroue wat op openbare forums veg vir vroueregte, lees ons in Paulus se eerste brief aan die evangelis Timotheüs van vroue wat in die stad Efese hulle plek inneem in 'n biddende gemeente. Die tweede hoofstuk van 1 Timotheüs gaan oor die funksionering van die gebed in die gemeente. Manne en vroue kom na God met "smeking, gebede, voorbede en danksegginge" vir alle mense. Vir konings en ander hooggeplaastes (1 Tim. 2:1-2).

In teenstelling tot 'n gees van revolusie wat onrus kweek teenoor mense wat in gesagsposisie oor gemeentede gestel is, kry ons in Efese 'n biddende gemeente! Vir konings en almal wat "hooggeplaas is", moet gebed word. Dit gaan werklik vir die Here om die redding en bevryding van mense. Die gemeente se gebede word deur die Here ingeskakel om mense te bevry van die mag van die sonde. Dit is vir God goed en aangenaam dat alle mense gered word (1 Tim. 2:3-4). Daarvoor het God self die een Middelaar tussen God en mense gegee – die mens Christus Jesus (2:5).

'n STIL LEWE

Biddend neem mans en vroue hul plek in in die samelewing. Op só 'n manier lei die gemeente 'n rustige en stil lewe (vgl. ook Oriëntasie in Kompas Junie 2004). Hierdie rustige en stil lewe het niks te doen met 'n lewe waarin die gemeente nie lastig geval word deur mense wat in gesagsposisies oor hulle is nie. Wanneer gelowige mans en vroue biddend voor die Here is vir die verlossing van ander, word **ons** gedrag daardeur bepaal! In plaas van sosiale aktiviste met 'n aggressiewe houding wat gedurig veg vanuit 'n gevoel van verontregting, is daar 'n rus in die gemeente wat haar kan beroep op God ons Verlosser.

TEMA: DIE VROU

Ons samelewing lê groot druk op die gelykwaardigheid en veral gelyke regte van mans en vroue. Die afgelope tien jaar het daar in die samelewing van ons land 'n heel drastiese verandering gekom in die plek wat die vrou in openbare lewe inneem. Vir sommige gelowiges het dit ook 'n noodwendige gevolg vir die plek van vroue in die gemeente van Christus. Die Feministiese teologie wil ons oortuig dat vroue hul onmondigheid agter hulle moet laat deur self vir hulle eie sg. "regte" te veg en te stry.

Eienaar en uitgewer:
Stigting Woord en Wandel
G de Jager (voorsitter)
BJ Kamphuis
A Bron (sekretaris)
Tel. (012) 332-0943

Drukker: Printburo
Tel. (012) 335-9134

Kernredaksie: ds E Viljoen
(eindredakteur)
Mev. M de Vries
ds C Kleijn
J Moes
A Roos
ds J van der Linden

Redaksie: Mev. G van den Berg
Bloukeurstr 17
Blommendal
Bellville 7530
Tel. (021) 919-9732

E-pos: Kompas@Cybertrade.co.za

Nederland: Mev. H van de Weide
Oldenkottebrink 60
7544 LP Enschede
Tel. (053) 478 4561

Administrasie: Mev. ICW Buenk
Posbus 23931
Gezina 0031
Tel. (012) 331-3750

Elektroniese betalings:
Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode: 16 03 45
Rek. nr: 1603 031 820
Vermeld asb. u Naam & Lidnr

Intekengelde (per jaar):
E-pos: RSA R40
Buiteland • 10
RSA: R80 (per hand)
R90 (per pos)
Buiteland: Seepos • 30
Lugpos • 40

MANS MET HEILIGE HANDE

Hy gaan ook verder sê **hóé** daar gebid moet word. Manne en vroue word aangespreek oor hulle houding wanneer daar saamgekom word vir gesamentlike gebed in die erediens. Dit is duidelik dat die manne moet voorgaan in die gebed (1 Tim. 2:8). Hulle moet smekende hande na die hemel uitsteek na God ons Verlosser. By hierdie smekende en afhanklike opsig van die hande, pas geen "toorn en twis" nie. Die mans moet "heilige hande" ophef.


By heilige hande pas geen gebalde vuus van revolusie teen "koning en almal wat hooggeplaas" is nie (1 Tim. 2:2a). Geen woede en aggressie teenoor hulle wat gesag oor hulle het nie!! Geen revolusie nie, maar voorbidding! Manne kan nie bid met harte vol haat en twis nie. Dit is geen manier waarop daar stil en rustig geleef kan word nie.

VERSIER MET BEHOORLIKE KLEDING EN GOEIE WERKE

Vir die vroue geld ook dat hulle 'n goeie houding moet hê wanneer die gemeente saamkom vir die erediens. Paulus gaan verder nadat hy die manne aangespreek het oor hulle gebedshouding: "So ook moet die vroue..." (1 Tim. 2:9-10). Vroue gaan neem nou hulle plek in as volwaardige lidmate wanneer die gemeente saamkom. Vir hulle is daar 'n heerlike bevryding. Hulle is nie daar soos wat vroue maar al te dikwels in die tempels van die afgode in Efese moes wees as tempelprostitute nie.

Die Here vind dit glad nie belangrik dat die vroue versier moet wees met kleding wat aandag op hulle seksualiteit rig nie. Hulle hoef nie te kom met "vlegsels of goud of pêrels of kosbare klere nie". Die klere hoef nie die vrou te maak nie!! Vroue word eerder opgeroep om te kom met "behoorlike kleding". Die erediens van die Christelike gemeente is nie 'n plek waar vroue

langer misbruik word soos in die heidendom nie. Hulle hoef nie meer na die erediens te kom om wellustige mans te behaag nie. Vroue kan hulle nou versier met behoorlike kleding. Kleding wat nie hulle vroulikheid hoef weg te steek nie. Die vroue mag en moet hulself steeds behoorlik versier!



Die kleredrag en manier hoe die vroue hulle hare dra sê iets oor hoe die vroue hulself in die gemeente opstel. Kleredrag sê ontsettend baie oor ons innerlike ingesteldheid. Vroue hoef nie te skitter met die goud wat hulle dra as versiering nie. Vroue mag wel uitblink (!) met goeie werke. Dit pas by vroue wat "die godsvrug bely" (1 Tim. 2:10). Hierdie goeie werke pas by die stil en rustige lewe van manne en vroue wat geleer het om na die Here te kom in smeking, gebede, voorbede, danksegginge" vir hooggeplaastes; d.i. hulle wat gesag oor hulle het.

Die "rus" waarin die gelowige vroue kan leef, mak hulle oorvloedig in godsvrug. Vroue kan in die Christelike erediens opval deur hulle goeie werke! Met beskeidenheid en ingetoënheid, want sy hoef nie meer haarself as tempelprostituut te laat misbruik nie. Sy kan nou saam aanbid met die gemeente. Geloof in Christus bevry werklik mense; óók vroue!

LAAT LEER

Vroue gaan nou oral in die gemeentes opval, deur hulle luisterhouding. Vroue word nie meer seksueel uitgebuit en misbruik in die tempel van Diana waar hulle liggame die godin van vrugbaarheid met slawediens moes vereer nie. Hulle mag nou selfs saam met die gemeente onderrig word. In onderdanigheid kan sy nou luister na die betroubare Woord dat Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondears te red (1 Tim. 1:15; 2:11). Vroue kan luister na die wet wat gegee is vir tugtelose mense, onheiliges, hoerders, sodomiete (1 Tim. 1:9-11).

Dit was nie 'n normale saak in Efese dat ook vroue so 'n volwaardige plek in die aanbiddingsgeleentheid kon inneem nie. Paulus se woorde aan die vroue in Efese was werklik vir hulle 'n stuk bevryding! Vroue moet wel in die samekoms van die gemeente hierdie beskeie en ingetoë posisie inneem waardeur hulle saam met die gemeente luister na Timotheüs en die ouderlinge wat die Woord verkondig.

NIE ONDERRIG GEE NIE

Die vroue sou kon dink dat hulle nou ook in die erediens die leiding kan gaan neem. Dit word egter op geen plek toegelaat nie. Die gelowige vroue in Efese word herinner aan die verleiding waarin Eva geval het en die verhouding waarin die Here haar geplaas het tot die man. Deur haar plek voor God op die manier in te neem, sal hulle met goeie werke versier wees. Paulus herinner vroue nog aan Genesis 3 waar die vrou ingeskakel word in die verlossing wat die Here beloof. Adam gee sy vrou 'n heel mooi naam. Hy noem haar Eva - moeder van almal wat lewe. Óók dit geld op alle plekke vir vroue; ingeskakel in 'n biddende gemeente waar manne heilige hande ophef en vroue versier is met goeie werke. ☩

SOMTYDS MOET MA'S DOMINEES WEES. *

Petro Drijfhout



TEMA: DIE VROU

Om kinders op te voed en te begelei is geen geringe taak nie. Die gebed na die doop is daarom ook so nodig. "Ons bid U ook deur Hom, u geliefde Seun, dat U hierdie kind altyd met u Heilige Gees wil regeer, sodat hy/sy Christelik en godvrugtig opgevoed mag word en in die Here Jesus Christus mag groei en toeneem, sodat hy/sy u vaderlike goedheid en barmhartigheid, wat u aan hom en ons almal bewys het, kan bely en in alle geregtigheid, onder ons enigste leraar, koning en Hoëpriester, Jesus Christus, kan lewe en moedig teen die sonde, die duiwel en sy hele ryk kan stry en oorwin, om u en u seun Jesus Christus en ook die Heilige Gees, die enigste ware God, ewig te loof en te prys."

Hiermee word ons hele taak as ouers opgesom. Niks meer en niks minder nie. Ouers is diensknegte van die Heilige Gees. Instrumente in die hand van God om sy kinders te lei na Christen-wees in die volle omvang van die lewe.

In die opvoeding gaan dit nie om die vorming van die kind tot 'n unieke persoonlikheid, hoog aangeskryf in die samelewing en kerk nie. Nee, dit gaan daarvoor dat ons ons kinders opvoed tot heel unieke skepsels van God. Kinders met eie talente waarmee hulle kan woeker in diens van God. Sodat hulle die plek in kerk en samelewing kan volstaan soos God dit vir elkeen afsonderlik bedoel het. Christen wees is dan nie maar 'n ornament in ons lewe nie, maar 'n lewenstyl.


Hoe dikwels voel ons as ouers nie dat ons faal in hierdie taak nie. Ons word dan bang wanneer ons lees wat in Esegieël 16:20-21 staan: Wat het jy met my kinders gedoen? Het jy hulle aan die afgode geoffer of tot my diens toegerus?

God self wys vir ons die weg in Deut. 6:6 en 7: "En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daarvoor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan."

Die Bybel moet weer die middelpunt van ons gesinslewe word. Die lees en bestudering van die Bybel moet ons gesinslewe beheers. Dit moet nie net 'n gewoonte wees nie. Laat ons egter wel aan die goeie gereformeerde gewoonte vashou om twee of drie maal per dag na die maaltyd uit die Bybel te lees. Aandagtig en rustig rondom God se Woord. 'n **Huislike erediens** tot sy eer en tot opbouing van ons geloof. 'n Gebed om ook die ander instellings wat mag deel in die opvoeding van ons kinders, kerk en skool, aan die HERE op te dra.

Bogenoemde is heeltetal iets anders as om steeds te kla oor die oënskynlik slegte onderwyser of die dominee wat dan nie goed katkisasie gee nie. Ons moet eerder alles inspan, sodat ons kinders die beste onderrig kan ontvang soos deur God bepaal.

Alhoewel die ouers die eerste verantwoordelikheid het, sal ook aan die onderwysers gevra word: "Wat het jy met my kinders gedoen?" Juis hiervoor moet ons bid en daarop toesien dat die onderwysers die nodige krag, kennis, insig en ondersteuning ontvang. Die God van die verbond vra ook van hulle: "Was jou onderwys aan my kinders goed, deskundig na vermoë? Was jy goed voorberei op die gebed, die Bybelvertelling, die wiskundeles, die taalles? Het jy aandag gegee



aan die gawes van die Heilige Gees wat tog heel verskillend aan uiteenlopende kinders uitgedeel is?" Kinders is nie massa-artikels nie, maar elkeen 'n unieke skepsel van God, 'n Koningskind.

Ook wanneer ons kinders nie of nie meer gereformeerde onderwys kan ontvang nie, moet ons die onderwysers aan die HERE opdra. Die eenheid kerk-skool-gesin is nie altyd moontlik, maar die eenheid kerk-onderwys-gesin wel. Wanneer Gereformeerde onderwys nie moontlik is nie, moet die ouers des te meer wakker en waaksaam wees. Gesprek en belangstelling is juis hier van groot belang.

Ouers en onderwysers moet saam-werk om ons kinders te leer om die gawes wat God gegee het te gebruik, en dan spesifiek tot eer van God. Nie alle kinders is dieselfde nie. Die een kind het aanleg vir wiskunde en 'n ander weer vir die aanleer van tale. Die een kind leer maklik en die ander is weer vaardig met handewerk. Ouers moet fyngevoelig wees om te leer wat God se wil met sy kind is. 'n Fyngevoeligheid wat juis aanwesig is daar waar die liefde tot God aanwesig is: Fil. 1:9 en 10: "En dit bid ek dat julle liefde nog meer en meer oorvloedig mag word in kennis en alle ervaring, om die dinge waar dit op aankom te onderskei ..." Dan is ons nie angstig in ons opvoeding nie, maar laat ons ons deur sy Woord en Gees lei. (Soos in 2 Tim. 3:16-17 geleer word: "Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat **die mens van God** volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.")



Ook die kerk beklee 'n belangrike plek in die opvoeding van ons kinders "Sodat hy/sy Christelik en godvrugtig opgevoed mag word ..." Beloue ons nie juis by die doop van ons kinders om hulle in die 'genoemde leer te onderrig en te laat onderrig' nie? Katkisasie, verenigingswerk, Bybelstudie, eredienste, alles instrumente in die hand van God om ons kinders tot ware Koningskinders op te voed.

Reeds in die formulier vir huweliksbevestiging word dit van God afgebid: "Aangesien hulle mede-erfgename is van die verbond wat U met hierdie vaders gesluit het, bid ons dat U aan hulle die genade sal verleen om hulle kinders, as dit U behaag om hulle die te gee, Christelik op te voed tot eer van u heilige Naam tot opbou van u gemeente en tot uitbreiding van u heilige evangelie." Dit is waar dit in die opvoeding oor gaan.

Ouers, dus vaders en moeders, is in die eerste plek verantwoordelik om hul kinders op te voed en te

laat opvoed. Soms hoor 'n mens egter die uitspraak: "Ek het nooit 'n pa gehad nie." Tog was pa daar. Hy het geld verdien, gesorg dat die gesin kan lewe, dat die kinders kan studeer ... maar daar was nooit tyd vir onderwys in die gesin nie, geen tyd vir spel of gesprek nie.

Ook die reformatore het ernstig gekla oor die verwaarlosing van die (godsdiensige) onderrig en opvoeding van die kinders in die eeue voor die reformatie. Die nalatigheid van die ouers en die ampsdraers van die kerk het hiervoor die skuld gekry. Die kennis van God se wil was gebrekkig of totaal afwesig. "Maar tog," so skryf hulle, "was daar

nog kennis, min kennis, maar tog kennis. Daar was nog kennis van die drie hoofsaake (van die evangelie): die Apostoliese Geloofs-belydenis, die Wet en die gebed! Hoe was dit moontlik? Deur die huiskatkisasie!" Die ouers en dan veral 'de lieve moeders' was die belangrikste "Hauspfarrer und Bischöfe" (**huisdominees en opsieners**) in daardie tyd. Dit was veral aan die moeders te danke dat daar nog geloof en kennis was. God het die moeders hiervoor gebruik. Moeders wat hul kinders en die HERE liefgehad het. Hulle het niks uitsonderliks gedoen nie, maar in 'n abnormale wêreld is juis die gewone dinge heel uitsonderlik. Uitsonderlik deur die Heilige Gees.

Talle Koningskinders kan dankbaar sê: 'Ek het 'n **moeder** gehad.' Moeders! – heel uniek in 'n abnormale feministiese wêreld.

* Titel ontleen uit die boek van Ds JJ Arnold: *Als de kerk, kerk is.* ✠

VROUWEES

Jane DeGlint



TEMA: DIE VROU

DIE NUT VAN 'n VROUWEES-GESPREK

Om vrouwees te bespreek, grens in 'n sekere sin amper aan lawwigheid. Dit is tog voor die hand liggend dat vroue mense is.

Waarom sal enigiets wat oor mans gesê word dan nie net so veel op vroue van toepassing wees nie?

Waarom is daar soveel ophef oor alles wat met vrouwees te doen het? Toegee, vroue het hulle eie liggaamlike weergawe. Maar as die biologiese verskille tussen die geslagte 'n bespreking waarborg, moet mens seker maak dat sodanige verskille nie oorbeklemtoon word nie. Alhoewel mans en vroue 'n paar fisiologiese uiteenlopendhede het, is hulle fundamenteel gelyk. Hulle het die vermoë om dieselfde prestasies en hoogtes te bereik, en alle omstandighede is ewe gunstig. Dit is nie nodig om vrouwees te bespreek nie.

Trouens, dit is gevaarlik om dit te doen. Dit kan die indruk skep dat vroue nie in dieselfde kategorie as mans val nie, en dít is 'n gedagte wat gerus geskrap kan word.

As ons tereg erken dat hierdie soort gelykheidsgesprekke aanleiding kan gee tot 'n versteuring in die skeppingsorde, kan 'n bespreking van vrouwees steeds as lawwigheid en iets vreemds beskou word. Gegee dat mans en vroue as een geskape is, kan vroue slegs verstaan word met die inagneming van mans. Die funksionering van mans en vroue is op so 'n manier gerat dat hulle sonder mekaar nie hul optimum kan bereik nie. Vrouwees komplementeer manwees. 'n Vrou bied 'n man perspektiewe en moontlikhede wat hy nie op sy eie kan bereik nie. Om dié rede kan 'n vrou slegs begryp en gewaardeer word as sy met 'n man in kontras gestel word. Dit is nie wenslik om

vrouwees op sy eie meriete te bespreek nie, want dit kan lei tot die idee dat vroue onafhanklik funksioneer.

Nogtans is dit wenslik en die moeite werd om vrouwees van nader te beskou. Soms help dit baie om een aspek te ondersoek, veral as daar tekens is dat die geheel wanfunksioneer. Ook binne ons gereformeerde kringe word vrouwees nie altyd duidelik verstaan nie. Dit is waar dat baie mans en vroue met vrymoedigheid en gemak binne hulle huwelik, gemeente, gesinne en plek in die samelewing funksioneer. Maar hierdie positiewe gewaarwording maak nie op vir die feit dat vrouwees in baie gevalle nie behoorlik in oënskou geneem word nie. Daar is gevalle waar vroue in rolle geforseer word wat nie vir hulle bedoel is nie. Om dié rede kan dieper nadenke oor vrouesake van groot hulp wees. Terwyl die term 'vrouwees' 'n eng definisie en baie vaagheid kan weergee, kan nader ondersoek sowel mans as vroue help om duideliker te sien hoe mooi die lyne van vroulikheid geteken is.

Dit sal 'n onrealistiese abstraksie wees om vrouwees afsonderlik van manwees te beskou. Ook alleenlopende vroue kry hul identiteit van die feit dat hulle vroulik is. In die



eerste plek is hulle nie die verpleegkundige, die verkoopsbestuurder, die onderwyser nie. Hulle is vroue, met sjarme, liefde en intuïsie. In die proses wat ons vrouwees uitlig, oordink ons intrinsiek die manier waarop mans en vroue na mekaar aantrek, interakteer, komplementeer, intrigeer, stimuleer, opbou.

Ongelukkig bou mans en vroue mekaar nie altyd op nie. Dikwels bots hulle met mekaar. Vrouwees is in 'n stryd gewikkel wat nooit enige oorwinnaar sal oplewer nie. Al die wapens kets. Aanvalle kom van binne én buite. As die verhouding tussen mans en vroue die spoor byster raak, word almal daardeur geraak.

SLAGGATE


• GEDIENSTIGHEID

Die eerste slag gat neem die vrou gevange en maak haar 'n instrument wat dien. Vroue word gebruiksmiddele. Hulle vra geen verduidelikings en stel geen eise nie. Nie net mans in die Moslem-wêreld of in onderontwikkelde lande buit hul vroue uit nie; dit kan oral gebeur, ook in die kerk. Die man misverstaan sy posisie as hoof en maak dit 'n posisie van mag. Die vrou onderdruk die gevoel dat sy uitgebuit word en oortuig haarself dat hierdie vorm van diens deur God self vereis word. Ironies genoeg is die man wat verwag om bedien te word, blind vir die ware skoonheid van sy vrou. As gevolg van hul selfgesentreerdheid mis mans uit op verfrissende drankies uit die fontein van heilsame vroulikheid. 'n Vrou wat berus by 'n lewe van gediensdigheid, sal opdroog en tekens van onderdrukking begin toon. Die kans is groot dat sy haar innerlike sjarme, haar natuurlike fut, haar spontane sorg sal verloor.

• VERAFGODING

Die tweede slag gat lyk met die eerste oogopslag skaars nadelig. Inteendeel, aanvanklik kan dit deur die vrou as 'n goeie eienskap ervaar word. Hierdie lokval kry 'n listige

houvas op die vrou en maak haar swak deur oorvloedige aandag. Die vrou word verafgod. In stede daarvan om by te dra, begin sy eise stel. In plaas daarvan om te komplementeer, veronderstel sy dat sy die hele prentjie is. In plaas daarvan om haar talente binne die eenheid toe te pas, hou sy ander gedienstig. Hierdie situasies word dikwels bespoedig deur eerbiedige/bang eggenote. Daar is mans in ons kerke wat bang is om in die openbaar met hulle vroue te verskil en wat hulle nooit enige wens sal weier nie. Uit vrees vir verwerping probeer hulle om hul vroue se guns



te wen met opofferings. Mans in dié situasie mag verras wees om te weet hoe hulle eggenotes sal reageer op 'n goddelike uitlewing van hoofskap. As die man se godvresende vrou besef dat haar man respek waardig is, sal sy binne 'n kort tyd die gloed van hernude toegewydheid uitstraal.

• **ONSEKERHEID**

Die gevaar om misbruik of vereer te word het baie vroue verward gelaat oor die aard van hulle vroulikheid. 'n Vrou wat in 'n effens misbruikende verhouding leef, kan onseker wees tot watter mate sy haar smaak, haar mening en haar spontaniteit kan uitspreek. Daarteenoor kan 'n vrou wat dominerend geraak het, nie weet hoe om te reageer op krete vir haar deernis nie. Hierdie verwarring loop oor in die jonger generasie vroue. Gedurende die uitgaantyd kan dit by 'n jong vrou groot onsekerheid oor haarself veroorsaak, wat

daartoe aanleiding kan gee dat te veel klem op die fisieke sy van die verhouding gelê word. Soos wat die siel twyfel, gebruik die liggaam sy kragtige dryfveer om 'n gevoel van welsyn te skep. Aan die ander kant van die deurmekaar prentjie sien ons 'n vrou wat dink dat geen man goed genoeg vir haar is nie. Vroue in dié groep soek 'n man wat hul status sal verhoog. Hulle strew na die beste stuur in werklikheid op 'n afgrond af. Aangesien hulle nooit leer om 'n bydrae te lewer en opbouend besig te wees nie, begin hulle selfs meer krities teenoor mans staan. Selfs al trou hulle, gaan hierdie vroue onbewustelik steeds voort met hulle soektog na die perfekte maat.

• **MINDER-/MEERDERWAARDIGHEID**

Ons kan nog twee slaggate ontdek wat in 'n vrou se hart skuil. Alhoewel sommige vroue hierdie aanvalle aan die man se manipulasiekragte toeskryf, kan en moet 'n vrou vasstel hoe sy reageer op die manier waarop sy behandel word. Om hierdie interne slaggate name te gee: dit is die vangstrik van vroulike minderwaardigheid en die landmyn van vroulike meerderwaardigheid.

Wanneer die vrou in hierdie strikke gevang word, word die man ook seergemaak. Herstel word dan gevind in die terugkeer na die skeppingsorde. Die man se vreugde sal terugkom soos in die dae toe hy gesing het: "Dit is been van my gebeente en vlees van my vlees." En die vrou sal haar weer verbly as sy na haar man gebring word. Alhoewel ons in 'n gevalle wêreld leef, rus God die vrou steeds met bekorende sjarme toe.

VERTROUW

'n Heilsame vrou straal 'n boeiende mengsel van selfvertroue en kwesbaarheid uit. Sy is seker van haarself, maar nie afbrekend of erg aanmatigend nie. Tog is haar selfvertroue sterk. Sy onderskei watter kritiek op haar geregverdig is en watter



kritiek 'n verskuilde aanval op haar persoon is. In die krag van haar vertroue kan sy 'n man raad gee, maar nie verkleineer voel as hy in die finale ontleding tot 'n ander gevolgtrekking kom nie. Sy kan sy hoofskap hanteer en word nie daardeur afgesit nie. Aan die ander kant, wanneer dit vir haar man onmoontlik is om al sy take uit te voer, oefen sy haar bestuursvaardighede bekwaam, met vertroue en met vreugde uit.

Verweef met haar kwesbare selfvertroue is 'n vrou se besluitnemingsvaardighede. Sy weet wanneer om te praat en wat om te sê. Sy weet wanneer om op te tree en wat om te doen. Hierdie vermoë word nie net binne haar eie gesin toegepas nie, maar ook binne die gemeenskap van die heiliges. Vroue vorm dikwels die hart van 'n gemeente. Hulle weet wie ekstra sorg nodig het en hulle maak seker dat dit voorsien word. Terug tuis weet die vrou dikwels wanneer om die onderwerp te verander as die gesprek herhalend of pynlik raak. Op hierdie besluitnemingsvaardighede val die man terug as hy moedeloos of raadop raak. Dit maak die vrou soveel meer gepas om as die man se assistent oor die skepping te heers.

LOGIKA

Die hoogtepunt van vrouwees lê in haar vermoë om onlogies te dink. Hoewel hierdie eienskap dikwels gebruik word om 'n vrou se ondoeltreffendheid en minderwaardigheid te bewys, is dit haar grootste gawe. Dit word dikwels intuïsie genoem, hierdie vermoë om tot 'n gevolg-

trekking te kom sonder om al die logiese stappe te moet neem. Vir 'n vrou is dit niks buitengewoons nie. Dit het te doen met haar vermoë om waar te neem, te ont hou en saam te voeg. 'n Vrou sal met vertroue 'n paar logiese argumente op die kantlyn skuif en die saak vanuit 'n emosionele perspektief stel. Dikwels sal sy haar man bewus maak van die feit dat hy onder die indruk was dat hy die regte ding gedoen het, terwyl hy in werklikheid sy gevoelens regverdig het met verskonings wat slegs 'n logiese voorkoms gehad het. Dit is ook waar dat vroue hierdie vermoë buite die huwelik gebruik, alhoewel die interaksie tussen man en vrou in ons gereformeerde gemeentes effens beperk is. Tog gebeur dit dikwels dat 'n aanmerking wat 'n vrou in die verbygaan aan 'n man sê, hom onverwags perspektief gee. "Pieter,

wat vreet aan jou?" Hy het nog nie agtergekem dat hy eintlik 'n wrok koester nie!

DIE GODVRESENDE VROU

Vroulikheid word pragtig as dit getrou uitgebeeld word deur 'n godvresende vrou. Te midde van al die slaggate is dit nie 'n maklike taak nie. Geen vrou kan vanuit haar eie krag haar volle potensiaal uitleef nie. As bemoediging het die Here spesiale woorde van leiding gegee. Dit is nie nodig vir vroue om hulself buitengewoon te bewonder nie. Hulle moet seker maak dat hul besorgdheid nie aan bemoeienis grens nie. Bo alles moet hulle ook nog by hul opdragte bly – om godvresende vroue en moeders te wees. Hierdie instruksies se doel is nie om te beperk nie, maar dit moedig Christenvroue aan om met vertroue hul plek vol te staan en hul roeping na te kom.

In dié groot wysheid het God mense as man en vrou geskape. Die man het die leierskapsrol ontvang. Dit was die vrou se opdrag om te verhelder en te komplementeer. Vir hierdie eerbare rol is sy goed toegerus: fisiek, emosioneel en spiritueel. Vandag, soos nog nooit tevore nie, word die vrou se plek ondermyn. In ons samelewing is daar vroue wat genot put uit 'n man se val, asook vroue wat hul identiteit in misbruikende huweliksverhoudings verloor. Tog kan Christelike vroue meer vertroue en vreugde as ooit hê. Hul taak is 'n uitdaging, maar hulle kan dit doen. As hulle na God opkyk vir hulp, sal hulle innerlike krag en stamina aanhou om 'n bron van steun en vreugde vir mans te wees – nie net vir hul eie mans nie, maar vir alle broeders in geloof.

Vir KOMPAS vertaal deur Sandra Zielman ✠



FOLMER BOEKHANDEL

**19e Laan 283, Villieria
Pretoria, 0186, Suid-Afrika**

**Tel 012 329 0031
Faks 012 329 5927**

'n Nuwe boek in die reeks 'Commentaar Nieuwe Testament': Dr Jacob van Bruggen: Galaten – het goed recht van gelovige Kelten. 'n Uitstekende kommentaar op die Brief aan die Galasiërs. Prys R245

Drie nuwe cd's:

STH 1404222: Minne Veldman bespeelt het A.A. Hinsz-orgel in de Grote of Martinikerk te Bolsward. O.a.: Jan Zwart – Fantasie Ps 24, Charles Marie Widor – Allegro Vivace, Minne Veldman – Meditatie en Koraal Ps 141 – Koraalfinale 'Geprezen zij de Heer'. R100

Festivo 6961982: Feike Asma

in de Grote Kerk Maassluis: Max Reger – Phantasie ueber den Choral 'Wie schön leucht't uns der Morgenstern'

en in de Grote of St Laurenskerk te Rotterdam: Karl Hoyer – Einleitung, Variationen und Fuge ueber den Choral 'Jerusalem, du hochgebaute Stadt' en in de Grote of St Michaëls-kerk te Zwolle: Julius Reubke – 3 Sonate der 94. Psalm. Prys: R100

STH 1402462: Martin (Mans) en Martin (Zonnenberg) volume 6 met medewerking van Strijkers-ensemble. O.a. Bouree en Air uit 'Watermusic', Psalm of Glory, Chanson triste, Exodus. R100

BYBELSE ATLAS deur Yohanan Aharoni en Michael Avi-Yonah. Uit druk by die uitgewer, nou tweedehands beskikbaar vir R225. Dit is die mees omvattende Bybelse atlas in Afrikaans wat beskikbaar was. Baie skaars.

Ander takke van Folmer Boekhandel:

*Tolle Lege (Pretoria)
(Adri Buenk)
14e Laan 961
Wonderboom-Suid
0084
Tel 012 – 331 3750*

*Folmer Boekhandel (Kaapstad)
(Petro Drijfhout)
Bondstraat 7
Oakdale, Bellville
7530
Tel 021 – 948 5883*



GEREFORMEERDE ONDERWYS-KONGRES IN LUNTEREN

ONDERHOUD

In Mei 2004 is daar in Lunteren (Nederland) 'n konferensie gehou oor gereformeerde onderwys. Mnr. Erik v.d. Linden, skoolhoof van die Gereformeerde Laerskool Johannes Calvyn in Pretoria het dit bygewoon. Na die tyd het mnr. Gerhard Wilts, joernalis van die Nederlands Dagblad, 'n onderhoud met hom gevoer. Ons wil hierdie onderhoud min of meer dieselfde hier plaas.

Wat was u algemene indruk?

My afgelope besoek aan Nederland, my eerste, was 'n wonderlike ervaring. As Suid-Afrikaner, wat my hele lewe in 'n derdewêreld land, met sy probleme, gewoon het, was dit geweldig verrykend om u pragtige en moderne land te verken en het ek tot die besef gekom in hoe 'n groot mate ons wêreld van mekaar verskil. Voor ek dus u vrae beantwoord is dit daarom vir my belangrik om ook aan u hierdie groot verskil aan te toon. Dan het u waarskynlik ook meer begrip vir die antwoorde wat ek gee.

In Suid-Afrika is daar tans 5 skole in die Vrye Gereformeerde kerkverband, met name in Kaapstad, Bethal, Soshanguve, Mamelodi en Pretoria. Van hierdie skole, soos Bethal, Mamelodi en Soshanguve is nog baie jonk (minder as 2 jaar) en het baie hulp nodig op vele terreine. Die ander twee skole, Kaapstad (1977) en Pretoria (1964) is egter 1460 km van mekaar vandaan en het jammer genoeg baie selde kontak. Dit beteken dat die situasie in Suid-Afrika in baie opsigte alles behalwe ideaal is. Die skole word almal vanuit 'n Vrye Gereformeerde gemeente bedrywe, wat aktief betrokke is by die onderskeie skole en die "triangel"-gedagte is by ons dus baie sterk. Ook op finansiële gebied is die las baie keer swaar (owerheidssubsidie is ongeveer 17%), maar dit verhoog natuurlik ook die betrokkenheid van die ouers.

Die totale getal gereformeerde leerlinge in Suid-Afrika is minder as 300 leerlinge en onderwyspersoneel minder as 20. Gesien die geringe getalle van onderwyspersoneel is dit dus begryplik dat dit baie en aktiewe betrokkenheid van elkeen verg. Dit wat in Nederland met sy groot onderwyskorps vermag word, moet in Suid-Afrika met 'n handjievol mense geskied. Beleide, gereformeerde handboeke; lesmateriaal, ens. moet deur ons self opgestel word, aangesien die materiaal van ons onderwysdepartement deurtrek is van humanisme, evolusie, ens. Deur ons isolasie en die situasie in Suid-Afrika is elke onderwyser by ons 'n soldaat in die frontlinie, wat die geloofstryd elke dag voluit moet stry. Hierin was ons genadige Hemelse Vader ons in die afgelope 40 jaar naby. Die situasie in Suid-Afrika



Die Suid-Afrikaanse afgevaardigdes op die kongres: Agter (v.l.n.r.): Ds. P Nel, Mnr Erik van der Linden, Dr JW Meijer. Voor is onderwyseresse van die Gereformeerde Laerskool Johannes Calvyn in Bethal.

en Nederland verskil dus hemelsbreed. Daarom was dit ook met groot opgewondenheid dat ek uitgesien het na die kongres in Lunteren.

Met watter verwagtings het u na Nederland gekom? Is hierdie verwagtings verwerklik?

My verwagtinge is oortref. Die isolasie sindroom, waaronder ons in Suid-Afrika leef is vir goed weggevee. Ek het geweldig baie kontakte (en sterk kontakte daarby) opgebou. Die positiewe gesindheid waarmee ons ontvang is en die belangstelling en begrip in en vir ons situasie was vir my besielend en ek is dankbaar vir almal wat hul hulp en ondersteuning aangebied het. Wat opvallend was is dat ons baie van mekaar kan leer oor die hele wêreld, maar dat ons mekaar ook moet kan vermaan waar ons van die regte pad afdwaal. Dit was vir my wonderlik om so saam met broeders en susters oor die hele wêreld te kon gesels oor verbonds-onderderrig en God se groot daad in ons onderskeie lande.

Het u ook Nederlandse skole besoek? Indien wel, watter skole? Wat was u indruk daaroor?

Tydens my besoek was dit ongelukkig vir my slegs

moontlik om vier skole, met name: Jan van Nassauskool (Zuidhorn), Willem Lodewijkskool (Noordhorn), De Triangel (Groningen) en De Bron (Barneveld) te besoek. Eersgenoemde twee het ek slegs kortliks besoek, maar in my gesprekke met onderwyskundiges en –personeel het ek ‘n goeie idee gekry oor die situasie op die skole. Opvallend was die pragtige fasiliteite en modernste tegnologie, die goeie lesmateriaal, veral Bybel en kerkgeskiedenis (boeke en kaarte wat in Suid-Afrika amper onmoontlik is om te bekom) en interessante nuwe onderwysmetodes. Oor baie van hierdie metodes het ek reeds met my personeel ‘n vergadering gehou en ons gaan kyk hoe ons dit kan aanpas vir ons situasie en dit implementeer. Die besoeke het ek baie positief en leersaam ervaar. Wat egter wel opvallend is, is die algemene gedrag van die leerlinge by die skole. Dit is vir my jammer dat daar aan baie van ons gereformeerde leerlinge nie gesien kan word dat hulle kinders van God is nie. Liefde tot God is daar wel, maar gebrek aan liefde en respek teenoor hul medeleerlinge, onderwysers en volwassenes was vir my opvallend. “Pesten”, ‘n groot probleem in Nederland, is absoluut ongereformeerde en behoort myns insiens met wortel en tak uitgeroei te word. Hoe u dit in die Nederlandse samelewing met sy post-modernistiese idees gaan regkry weet ek ongelukkig nie.

Hoe kyk u as buitestaander na die situasie van gereformeerde onderwys in Nederland? Is Nederland ‘n gidsland?

Ek was drie en ‘n halwe week in Nederland. Alhoewel dit te kort is om werklik die situasie in Nederland te verstaan, was dit vir my lank genoeg om begrip en empatie te hê vir die moeilike situasie waarin die gereformeerde skole hul bevind en ek het weereens tot die besef gekom dat daar waar die Here die meeste seën (30 000 gereformeerde leerlinge, duisende onderwysers, eie onderwysopleiding, GPC, spesiale skole, duisende gemeentede, groot finansiële vermoëns, ens), daar werk die duiwel ook die hardste.

In Nederland het ek baie trein gery en ek wil graag die verskil tussen u land en my land op hierdie manier vergelyk. Die vinnig veranderende samelewing van die Postmodernistiese Nederland kan die beste vergelyk word met ‘n sneltrein wat met ‘n groot vaart verby al die kleiner stasies jaag en net by die groot stasies stop. Wanneer hulle daar aankom en terugkyk weet hulle nie hoe hulle ooit daar uitgekome het nie en is sulke groot afstande afgelê dat dit haas onmoontlik is om die skade reg te maak. Suid-Afrika se samelewing daarenteen is soos ‘n stoptrein wat baie stadiger van een klein stasie na die volgende beweeg en waar vroegtydig die noodrem getrek kan word as dinge verkeerd loop. Ons ervaar ook die Here se seën in die laaste en bid dat dit nooit sal verander nie. Weens die sneltreinmentaliteit is dit daarom vir my logies dat mense

steeds meer individualisties en ongeïnteresseerd begin optree, soos op die konferensie ook bespreek is. Nederland is in baie opsigte vir ons in Suid-Afrika ‘n gidsland. Met al sy seëninge kan dit nie anders nie. Nederland is egter vir ons ook ‘n gidsland in die slegte sin van die woord – ‘n waarskuwing oor hoe Suid-Afrika miskien in die toekoms kan lyk. Ons bid dat God ons daarvoor sal bewaar.

Wat het u op die kongres geleer van u Nederlandse kollega’s, en wat dink u kan hulle van buitelandse skole leer?

Dit was vir my opvallend dat Nederland oor geweldige kundigheid beskik en die manier van denke was soms verfrissend. Opvallend was dat baie dinge wat vir ons as algemeen en vas staan deur my Nederlandse kollegas bevestig word. Dit is opsigself nie sleg nie – solank ons maar weer by die regte antwoord uitkom, aan God gelykvormig en nie wêreldgelykvormig nie. Vir te veel jare het ons gereformeerdes in Suid-Afrika en waarskynlik wêreldwyd, gesit met te veel boeke kennis en te min geloofsbeleving. Geloof het egter te make met hoof, hart en hand. Ons aktiewe betrokkenheid by dit wat ons geleer het is geloof en versterk ons geloof. Die praktiese vrae wat gevra is by kongres was vir my uiters leersaam.

Wat is vir u die mees sorgwekkend wat betref gereformeerde onderwys wêreldwyd?

Aangesien ons in die wêreld is en ook moet oorleef in die wêreld is my grootste sorg dat ons steeds meer wêreldgelykvormig gaan word in kerk en skool. Ons opdrag is om God se skape en lammers te begelei sodat hulle sy stem deur ons stem kan herken. Is dit nog so? Of word alles al hoe meer gerelativeer? Is God se verbondswerk in sy kerk deur die eeue heen nog vir ons belangrik sodat ons daardeur God se bewarende en vergaderende werk kan raaksien of is kerkgeskiedenis ook een van die vakke wat steeds minder belangrik word en ‘n gestadige dood sterf, soos in sommige skole reeds die geval is. Ons mag nie toegee aan die druk van die wêreld nie.

Hoe belangrik is die rol van die ouers en die kerk(gemeenskap) vir die voortbestaan van die skole? Moet al die skole dieselfde dink oor kerklike binding of is daar verskille moontlik?

Soos ek reeds tevore gemeld het is die rol van ouers en die kerkgemeenskap in Suid-Afrika baie belangrik. In die klein geïsoleerde samelewing waarin ons woon kan dit amper nie anders nie. Ek het egter wel begrip vir ander skole waar die band nie so sterk is nie. Elke situasie behoort volgens meriete beoordeel te word. Die ideaal is myns insiens wel ‘n sterk triangelband. Ouers, kerkverband en kinders bepaal immers die identiteit van die skool. As gereformeerde skole, moet

ons daarteen waak dat ons nie algemeen Christelike skole word nie.

Hoe lyk u "droomskool", u ideaal van gereformeerde onderwys?

My gereformeerde droomskool is 'n skool waar verbondskinders hul Skepper, God en Vader leer ken en liefkry – nie net deur sy groot daad uit sy woord nie, maar ook in die vakke op skool. Die gereformeerde skool moet ook 'n plek wees waar onderwysers en kinders getrou elke dag besig is met sy Woord en waar onderwysers en leerlinge leer om hul geloof met hoof, hart en hande te beleef. Dit is ook 'n plek waar ouers betrokke is by die opvoeding en onderrig van hul kinders en kleinkinders, omdat hulle die belofte by die doop afgelê het. Sou dit nie fantasties wees nie? Hierna moet ons bly strew.

Waar dink u sou die volgende kongres moet plaasvind? Of dink u 'n vervolgonferensie is onnodig?

'n Kongres in Suid-Afrika sou pragtig wees. Weens ons getalle en vermoëns is dit egter onmoontlik om so iets groots aan te bied. 'n Vervolgonferensie sou myns insiens baie sinvol wees. Australië lyk my die aangewese plek. By die konferensie het dit vir my gelyk of Nederland en Australië die twee teenoorgestelde pole op sekere terreine is.

Het u nog enige opmerkings wat u wil byvoeg?

Ek wil afsluit deur almal by die konferensie, namens alle Suid-Afrikaners wat daar teenwoordig was, te bedank vir hul puik organisasie, hulp en vriendskap. Dankie dat u die spook van isolasie weggejaag het en dat ek mag weet dat ons hier in Suid-Afrika saam met ander broeders en susters oor die hele wêreld die stryd teen verwêreldliking stry. ☐

Internasionale Kongres vir Gereformeerde Onderwys

– 'n paar indrukke

G. Brouwer, Tasmanië

ONDERWYS

Gereformeerde onderwys is op en wakker! Dit was die uitdruklike sentiment van ons vriend en kollega Apko Nap (van Kanada) aan die einde van die opening van die "Internasionale kongres vir Gereformeerde onderwys" in Nederland wat ek onlangs kon bywoon.

Apko se mening was definitief van toepassing. Ongeveer 65 verteenwoordigers van 'n groot aantal organisasies en skole wat betrokke is by gereformeerde onderwys in Nederland, Australië, Kanada, Korea en Suid-Afrika het na Lunteren gekom om die drie-dag kongres by te woon en ook aktief daaraan deel te neem. Tydens die kongres met sy groot verskeidenheid lesings en genoeg geleenthede om ons interna-

sionale kollegas te ontmoet, het dit vir my duidelik geword dat die essensiële, die doelwitte van gereformeerde onderrig, nie verander het oor die jare nie en dat dit ook nie verskil van plek tot plek nie. Toe ons (groot)vaders en (groot)moeders so ongeveer 40 tot 50 jaar gelede ons gereformeerde skole gestig het, het hulle dit gedoen uit die begeerte om onderrig aan hul kinders te bied wat die opvoeding tuis sou komplementeer. Die belang van die huis-skool verbinding is toe reeds ingesien en daardie belang word vandag nog in alle gereformeerde kringe onderskryf en ondersteun.

Die lesings is in Nederlands en Engels aangebied en het gesorg vir 'n baie druk program. Dit het soms veroorsaak dat die geleentede vir informele groepsessies maar min en kort was, maar ons het hiervoor opgemaak gedurende die middag- en aandetes en die kuiers na die dag se verrigtinge afgesluit is! Die lesings het heelwat stof tot nadenke verskaf en daarmee saam die behoefte tot verdere nalees en aksie aan die tuisfront. Ek gee gou 'n voorbeeld van onderwerpe wat gedurende die kongres aandag geniet het:

- Konsepte van Gereformeerde Onderwys (A Breen, Armadale)
- Ontwikkelende onderrig en leer (A Terpstra, Armadale)





Al die deelnemers aan die kongres

- Pedagogiese klimaat (K Bussema van Dordt Kollege)
- Vaardigheidsgerigte onderwys (K Van der Vloed, Rotterdam)
- Gereformeerde Onderwys in Suid Korea (Ds Heon Soo Kim)
- Onderwysopleiding (C VanHalen-Faber, Hamilton).

Die oorkoepelende vraag wat hierdie onderwerpe aan mekaar gebind het, was: Wat is gereformeerde onderwys? Wat maak van 'n skool 'n gereformeerde skool? Hierdie vraag het ons voorouers besig gehou en dit behoort ons ook in die toekoms net so besig en aan die gang te hou.

Die vrugte van hierdie kongres was na my mening nie die feit dat ons huis toe kon gaan met kant en klaar antwoorde op al ons vrae nie, maar eerder dat ons soeke en strew na die regte pad vir onself as ouers en onderwysers weereens bevestig is. En ook breë as dit; wat is ons taak as gereformeerde volwassenes in 'n gesekulariseerde Tasmanië. Hoe kan ons op die beste manier ons kinders voorberei om kinders van God te wees, in diens van God? Die fondament onder ons skole (God se Woord en ons belydenisse) is absoluut, maar die vraag hoe om ons kinders optimaal op praktiese wyse voor te berei om diensbaar in God se koninkryk te leef en ook met die komplekse kwessies van die moderne lewe raad te weet, is definitief baie dinamies. Dit verdien definitief ons daaglikse en onvermoeide aandag. Die vrug van die kongres vir my was die gewaarwording dat almal wat betrokke is by

gereformeerde onderwys daaglik daarmee besig moet wees en voortdurend die unieke identiteit van ons skole moet definieer op die vaste basis van die Woord van God.

Die kongres is afgesluit deur 'n gebed deur vier kollegas (een uit elkeen van die volgende lande: Nederland, Kanada, Australië en Suid-Afrika) waarin ons almal saam ons skole, leerders, onderwysers, ouers en almal betrokke by gereformeerde onderwys aan ons Hemelse Vader kon opdra in die vertroue dat ons strew na gereformeerde onderwys in sy hande alleen veilig is. Dit was voorwaar 'n geskiedkundige oomblik – in teken van die hele kongres!

'n Volgende kongres word beplan vir 2007. Intussen kan al die deelnemers aan die afgelope kongres hul (nuutgevonde) kontakte in stand hou en daar sal selfs binnekort 'n interaktiewe webtuiste geloods word deur een van die Nederlandse organisasies wat op die kongres teenwoordig was, wat die in kontak wees en bly met ander oor die wêreld aansienlik sal vergemaklik.

Soos ek ook aan my hoërskool leerders vertel het, dit was fantasties om oor sake en uitdagings wat ons in ons elkedag lewe in ons skole en gemeenskappe teëkom, te gesels en dan agter te kom dat baie van die probleme en uitdagings maar oral dieselfde is. En belangriker as dit nog: dat God besig is om sy kinders en sy kerk oor die hele wêreld te vergader en te bou... ook d.m.v. gereformeerde onderwys! ☩

WAPENS, SELFVERDEDIGING EN WRAAK

T de Wit

SAMELEWING

Kriminaliteit is hoog in Suid-Afrika en 'n lewe word baie keer soos niks geag nie. Miskien besit u 'n wapen om u self te verdedig, miskien wonder u of aanskaf van 'n wapen 'n goeie ding sal wees nou dat die toestand in die land is soos wat dit is.

Baie lesers sal seker nog die APLA-aanval onthou tydens 'n diens in die St. James kerk in Kaapstad. Dit was Sondagaand 25 Julie 1993. Elf mense is dood in die aanval en baie was gewond. Een van die aanwesiges, Charl van Wyk, het op die aanvallers geskiet en een van hulle verwond, waarna die aanvallers die aftog geblaas het. Sommige mense, waaronder Desmond Tutu, het Charl daarna verwytdat hy nie Christelik opgetree het nie, want lees ons nie in die Bybel dat die wraak aan God toekom nie?

Charl van Wyk was voorheen al 'n keer deur misdadigers aangeval en het daarna besluit om altyd 'n wapen saam te dra, ook kerk toe. Maar na die aanval in 1993, waarin hy vir die eerste keer die wapen daadwerklik gebruik het, begin hy nadink oor selfverdediging en of dit Bybels verantwoord is om 'n wapen daarvoor saam te dra en te gebruik. Die resultaat van sy denke is 'n boek wat hy gepubliseer het in 2001 met die titel "Shooting back – The right and duty of selfdefence". Die titel gee sy standpunt al dadelik duidelik weer, om terug te skiet is nie alleen 'n reg nie, maar ook 'n plig en dit maak natuurlik wapenbesit en -gebruik 'n noodsaak.

BYBELSE GRONDE

Hierdie artikel is geen bespreking van Van Wyk se boek nie. Tog wil ons 'n bietjie nader kyk na hoofstuk 10, waar privaat wapenbesit en die

gebruik daarvan, Bybels gefundeerd word. Charl van Wyk baseer hierdie hoofstuk op 'n artikel van Larry Pratt van die vereniging "Gun Owners of America".

Hy begin met die moord op Abel deur Kaïn. God verbied nie wapens as gevolg van hierdie eerste moord nie, maar verban Kaïn. Vervolgens die teks oor die regter en linker wang, Mat. 5:38,39. Christus veroordeel hier wraak en roep op om onreg te wil ly. Eks. 22:2,3 leer ons dat in Israel geen bloedskulde was op iemand wat 'n dief slaan terwyl hy steel en die dief sterf nie, maar as daar geen lewensdreiging is mag die dief nie doodgemaak word nie.



Spr. 25:26. "n Troebel fontein en 'n vuil bron, so is die regverdige wat wankel voor die goddelose". Luk 22:36. Wie nie beurs of reissak het nie, moet sy kleed verkoop en 'n swaard koop. In Mat. 26 gee Christus aan Petrus die opdrag om die swaard op sy plek terug te sit. Christus verbied nie wapens nie, maar verbied gebruik op daardie oomblik. 'n Belangrike teks in die argumentering is 1 Tim 5:8, "Maar iemand wat vir sy eie mense, en veral sy huisgenote, nie sorg nie, het die geloof verloën en is slegter as 'n ongelowige".

Vervolgens word nog 'n paar tekste aangehaal uit benarde omstandighede van Israel, soos Num. 31:3, waar die volk opgeroep word om hulself te wapen om wraakgerig uit te oefen oor Midian asook Neh. 4:17,18 waar die bouers met een hand die werk verrig en met die ander hand die werpspies vashou.

Volgens my is sommige tekste ongelukkig gekies en het van die tekste niks te doen met die onderwerp nie. Om privaat vuurwapen besit te regverdig op grond van byvoorbeeld 1Tim. 5:8, of Neh. 4:17,18 maak vir my nie sin nie, maar op grond van die Bybel kan 'n mens wapenbesit en gebruik deur privaat mense nie afkeur nie. Jy kan egter wel die vraag vra of die Bybel wapenbesit aanspoor?

WAPENBESIT?

Charl van Wyk kies sy tekste so dat die konklusie in hoofstuk 10 is: "wapens om te verdedig moet verspreid wees dwarsdeur die nasie, nie gekonsentreer in die hande van sentrale regerings nie ... die aanname dat gevaar slegs kan ontstaan as gevolg van burgers wat wapens dra word gebruik om die regering se monopolie te regverdig....". Charl van Wyk se oproep is dan ook "Koop 'n wapen".

Ek het geen beswaar teen persoonlike wapenbesit waar dit nodig is nie. Sommige mense in Suid-Afrika lewe in gevaarlike omstandighede. Dink maar net aan boere op die plase. Die besluit om 'n wapen aan te skaf vir selfverdediging is 'n persoonlike besluit, en kan nie op Bybelse gronde afgekeur word nie, maar die oproep dat "...wapens om te verdedig, verspreid moet wees dwarsdeur die nasie...." gaan my te ver.

SELFVERDEDIGING EN WRAAK

Artikel 49 van die Suid-Afrikaanse strafproseswet stel dat selfverdediging (of noodweer) toegestaan is, ook al word die aanvaller in die proses gedood. Die wet laat egter nie toe om 'n aanvaller te skiet as daar geen lewensbedreiging is nie. Dit geld vir sowel burgers as polisiebeamptes. Wel (self)verdediging, geen wraak. Dit klink heel aaneemlik, ook in die lig van Eks. 22:2,3. Dis ook redelik maklik om te onderskei, soos Eks. 22 ook noem, as dit helder oordag is en die aanvaller slaan op die vlug. 'n Skoot in die rug sou dan wraak wees, ook op grond van die Bybel. Lewe is kosbaar, selfs van die voortvlugtige misdadiger. Die wraak het God toevertrou aan die owerhede.

Maar meestal is dinge nie so duidelik nie en Art 49 van bogenoemde wet lê die grens tussen (self)verdediging en wraak heel gunstig wat die aanvaller betref. Ek dink geen wet kan vaslê wanneer hierdie grens oorskrei is nie. Regters kan seker lank redeneer of die aanvaller nou wel of nie lewensbedreigend was, maar die slagoffer moes dalk 'n besluit neem in 'n fraksie van 'n sekonde en dit kan sy lewe kos as hy te lank wag met daardie besluit. 'n Veroordeling uit 'n lui stoel is die laaste wat iemand nodig het wat in so 'n situasie was!

WRAAK EN VERGEWING

Charl van Wyk het nie wraak geneem deur die aanvallers te agtervolg met 'n poging om alsnog dood te skiet. Hy het die wraak aan die owerhede oorgelaat. Hy het hom egter wel afgevra of daar miskien iets anders was vir hom om te doen. Die Bybel roep mos op om ons vyande lief te hê. Die Bybel roep op om te ver-



gewe, maar dan moet daar seker wel berou wees, of tog nie? (Mat. 6:14,15). Na aanleiding van Ps. 35 besluit hy om die misdadigers op te soek, om die evangelie aan hulle uit te dra. Eers Khaya Christopher Makoma (in die tronk), die APLA man wat hy die aand van die aanval gewond het. En later Letlapa Mphahlele, die voorman van APLA wat opdrag gegee het tot die aanval. Nog later nooi Letlapa vir Charl uit om 'n PAC politieke vergadering toe te spreek in die Noordelike Provinsie. Hy aanvaar die uitnodiging, om die drie minute wat hy sou kry te gebruik om te getuig van die enigste hoop wat daar is vir mense. Eenmaal op die verhoog kry hy 15 minute, en gebruik die tyd optimaal om die evangelie van verlossing uit te dra aan 1000 PAC-lede. Maar ook hierdie optrede is nie noodwendig 'n voorbeeld vir elke slagoffer van misdaad nie. Die aanval van 25 Julie 1993 was nie op Charl persoonlik gerig nie, 'n persoonlike aanval sal so 'n soekende optrede moeiliker maak en dan praat ons nog nie eers van 'n trauma as gevolg van 'n verkragting nie.

VUURWAPEN KOOP?

Gaan ek nou, na alles wat geskryf is 'n vuurwapen koop? My antwoord is nee, ek gaan nie. Ek sien geen Bybelse rede om dit wel te doen

nie, ondanks Charl se argumente en ek ag die bedreiging in my persoonlike omstandighede nie groot genoeg om dit wel te doen nie. Trouenes, daar vind ook baie aanvalle plaas juis om vuurwapens in hande te kry en daar gebeur baie ongelukke met die slegte hantering van vuurwapens. Ek sien ook geen Bybelse rede om u te veroordeel, sou u wel 'n vuurwapen aanskaf of alreeds besit.

Wat ons ook al doen, laat ons gedagtes nie beheers word deur die negatiewe, deur al die misdaad wat wel plaasvind en kan plaasvind, deur slegte landswette, wat die reg van die misdadiger te veel beskerm, maar laat die wil om die evangelie uit te dra te midde van soveel geweld, te midde van die omtrent 60 moorde per dag, die botoon kry. As u meer bekommerd is oor die wetgewing wat binnekort in werking tree om vuurwapens te beheer, as oor die voortgang van die evangelie in ons land en die res van die wêreld, dan is dit dalk nodig om 'n bietjie na te dink oor een en ander. Jy kan maklik praat, is 'n logiese reaksie van die wat al swaar onder kriminaliteit deurgeloop het, jy sal wel anders praat as jy dieselfde meegemaak het. Ja, dalk gaan ek, maar die opdrag om die boodskap van verlossing uit te dra bly staan, en dis iets wat Charl van Wyk ook goed besef het. Sy voorbeeld in hierdie saak dwing respek af. Hierdie boodskap, danksy die werking van die Gees, is in staat om die grootste misdadiger van sonde te oortuig, die man langs Christus aan die kruis was maar net een voorbeeld.

As u Charl van Wyk se boek wil lees, dit kan bestel word by: Christian Liberty Books, Kaapstad. admin@christianlibertybooks.co.za en kos R73, posgeld ingesluit.

LITURGIE

- VORM VIR DIE SONDAG EN VOORBEELD VIR DIE WEEK

H. Walinga

EREDIENS

Was u al ooit onder die indruk van so 'n groot gebrandskilderde venster? Ons kan sulke vensters vind in katedrale en ander groot geboue. Gewoonlik is dit in die vorm van glas-in-lood. In hierdie vensters word dikwels 'n geskiedenis uitgebeeld. Wanneer ons na so 'n venster kyk en nie net van die kleure en die vorm geniet nie, maar ook verstaan wat die afbeelding beteken, dan vertel so 'n venster vir ons 'n verhaal, dikwels 'n Bybelse verhaal. Dit vertel iets oor die ontwerper van die venster, dit sê iets oor sy geloof en sy visie. Stel u voor dat so 'n venster uitmekaar gehaal en al die stukkie glas op 'n hoop op die grond gepak word. Dit sal 'n merkwaardige gesig wees, maar die mooiheid is weg. Dit het nie meer 'n betekenis nie, geen verhaal en geen visie nie.

Ons kan die liturgie met so 'n venster vergelyk. As ons aan die liturgie in die erediens deelneem en let op die mooi vorme en die veelkleurigheid daarvan, as ons kennis dra van die – soms eeueoue – betekenis daarvan, dan begin die erediens 'n verhaal vertel. As ons nie daarop let nie, dan is dit soos 'n stapel gekleurde glas: merkwaardig, maar sonder betekenis en oninteressant.

Daar is in die loop van die kerkgeskiedenis al byna permanent nagedink oor die liturgie. Telkens is daar weer persone, gewone gemeentelede of ampsdraers, wat hulself daarmee besig gehou het. Soms was dit uit ontevredenheid oor die bestaande vorm, soms ook as 'n reaksie, byvoorbeeld na 'n kerkstryd, omdat mense gedink het hulle moet heeltemal breek

met die ou vorme in die kerk wat al so uitgetrap is. Dikwels is daar ook aandag aan gegee, omdat mense meer insig gekry het in sekere Bybelgedeeltes. Die reaksies wat uit hierdie nadink en die daaruitvloeiende veranderings voortkom, is sterk wisselend:

'Dit gaan mos goed so? Al die veranderings en vernuwings bring net onrus in die kerk.'

Of: 'Liturgie? Nee wat, dis vervelige teorie, dis niks vir my nie.'

Of: 'Liturgie? Dit word tyd dat daar vernuwings kom. Op hierdie stadium is dit alles stowwerig en vreugdeloos.'

Is dit nodig om oor liturgie na te dink? Wat beteken die handdruk? Is dit deel van liturgie? Wat is die votum en seëngroet eintlik? En die sang? Gereformeerdes het die naam dat hulle so goed kan sing. Is dit regtig so? O ja, dit klink gewoonlik goed, maar wat van die aandag en die vorm? Is dit goed genoeg of kan dit nog beter? Hoekom staan ons by die seën en dikwels ook by die uitspraak van die geloofsbelydenis? Baie vrae en soms verrassende antwoorde!

Die eerste doel van hierdie reeks artikels is die beskrywing van die verskillende onderdele van die liturgie en ook die samehang daarvan.

Die tweede doel is om te wys dat die liturgie nie 'n statiese saak is nie, maar dat dit saam beweeg met die lewe van die kinders van God, wat elkeen in sy eie tyd en met hul eie talente aan ons Hemelse Vader die eer moet gee wat aan Hom toekom.

Daar is nog 'n derde doel. Liturgie gaan oor die vormgewing van die diens wat mense aan God moet vervul. Tegelykertyd is daar in die liturgie ook 'n voorbeeldfunksie. Dit is logies, want daar word baie 'uitgebeeld' in die Sondagse erediens. Dink maar aan die doop en die nagmaal. Vanuit daardie oogpunt beskou, is daar in die gebruikte tekste baie voorbeelde wat 'n invloed op ons daaglikse lewe het. Dit kom sterk na vore wanneer ons gaan kyk na byvoorbeeld die wetsvoorlesing.

Daarmee is die titel van die artikel verklaar: Liturgie, vorm vir die Sondag en voorbeeld vir die week. Daarmee wil ons graag bereik dat die Sondagse eredienste steeds meer by u sal terugkeer in die daaglikse lewe. Sodat u sommer op 'n Woensdagoggend kan dink: "Ja, ek weet: die Here seën my en Hy behoed my..."

Tegelykertyd is daar ook 'n opdrag vir ons ingesluit om 'n voorbeeld te wees vir die mense om ons. Ons kinders, ons bure, ons kollega's. Daarby kan ons ons spieël aan die eredienste op Sondag. Liefdediens vir God kry 'n uitwerking in liefdediens vir ons naaste.

Kom ons kyk na enkele stukke glas van hierdie kerkvenster en ons kyk kortliks na die geskiedenis wat die glasmaker wil uitbeeld. Dan hoop ons dat daar 'n lig vir u deur hierdie venster sal skyn. 'n Bybelse lig, wat die kleure verhelder, sodat die afbeelding 'n verhaal vertel. Dan word dit 'n onvergeetlike venster. Niemand sal mag sê: "Dit is vervelig en vol stof!" nie. Maar ons mag ook nie sê: "Dit is

mos reg so?" Want die lewende God vra om 'n lewende liturgie. Sondag in die kerk en Dinsdag in u daaglikse lewe.

Deur die loop van die jare is daar nog altyd gevra vir vernuwings. Hierdie vraag kan voortkom uit menslike oorwegings, byvoorbeeld om die aandag van God na die mens te verskuif. Die vraag kon ook voortkom uit eerbied vir die Here. Dan het iemand agtergekom dat die Here tekort gekom het in ons erediens. Dan was die aandag meer by die mens as by God. Daarmee kan kinders van die lewende God nie mee saamleef nie.

Maar dit is nie alles nie. Ook ons eie genieting van al die mooi dinge wat die Here gee is hiermee gemoed. Ons kan slegs geniet



van die erediens as ons weet wat dit alles beteken: so groot is ons Hemelse Vader en so goed is dit om 'n kind van Hom te wees. Ons mag nie net geniet nie, ons móet geniet, want dit is God se bedoeling. Dink aan die uitredding uit die slawehuis van Egipte. Die Here belowe aan sy volk 'n land wat oorloop van melk en heuning.

Hierdie twee begrippe wys op die genietings van die nuwe land. So wil die Here ons ook uitlei uit die slawehuis van die sonde, om in te gaan in 'n land wat so geweldig vol heerlijkheid is dat ons eindeloos daarvan mag geniet. Die Sondagse eredienste is daarvan al 'n voorbeelde saam met al die ander funksies wat die dienste het.

Daarom moet ons die liturgie baie goed bekyk. Want die eer van God is hiermee gemoed. Eer wat ons eers later regtig aan Hom kan gee.

Hierdie artikel is die eerste hoofstuk uit die boek van H. Walinga: Liturgie, vorm op sondag, voorbeeld in de week, gepubliseer deur Uitgeverij Woord en Wereld in 2003. Vertaal deur Karina Ijst en met toestemming gepubliseer. ✠

Aros

Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies

bied in samewerking met Potch 'n volledige B Ed studie aan voornemende onderwysers

Die vierjarige studie in Pretoria sluit in:

- Drie gelyktydige kwalifikasies: 'n erkende B Ed-graad van Potch, 'n Aros-kwalifikasie en 'n skoolgetuigskrif van praktiese vermoëns
- Skriftuurlike fundering in alle vakke
- Addisionele lewensbeskoulike modules
- Onmiddellike praktiese indiensopleiding
- Kleinskalige onderrig en persoonlike begeleiding

In 2005 word slegs 'n beperkte aantal eerstejaars toegelaat. Graag verskaf ons verdere inligting.



Tel 012 332 3222 of Posbus 31120, Totiusdal, 0134 of e-pos rvdkooy@mailbox.co.za .